Skoolkoshuis en die meisies badkamer

In die stad gaan kinders gewoonlik om ander redes koshuis toe as in die platteland. Plattelandse kinders gaan gewoonlik dorps koshuis toe bloot omdat hulle ouers vêr boer. Oor die algemeen – en ek weet ek veralgemeen nou erg – is die profiel kind wat plattelandse koshuis toe gaan baie meer eenders – daar was oor die algemeen die gedeelde waardes en kultuur van die kontrei. In die stad is die prentjie dikwels baie anders.

In die stad is die koshuis brakke gewoonlik 'n heelwat meer diverse klomp. Die groep bestaan dikwels uit kinders uit huise van boheemse kultuur en gebruike, kinders met wie hul ouers eenvoudig nie meer kon huishou nie, en kinders vir wie die stads koshuis die laaste stop voor die verbetering skool is. Gewoonlik het die laasgenoemde groep teen daardie tyd al 'n indrukwekkende klomp avonture agter die blad gehad – van die soort wat nie so lekker onder Christelik Nasionale Opvoeding tuisgebring kon word nie. Volksvreemd en *probleem kinders* was meer die kolletiewe term vir hulle.

Nou, met verwysing na hierdie spesifieke groep – die wie oor die algemeen heelwat meer ekonomies met die waarheid, eerlikheid en erkende waardes omgegaan het, het gewoonlik een ding in gemeen gehad: Hulle was rokers. Sonder uitsondering. Beslis van sigarette, maar met eentonige reelmaat ook van aap twak. Of *wacky tabaccy*. Weed. Zol. Boom. Papegaai slaai. En so aan.

Party kinders in my skool koshuis het op 16 geklink soos 'n spoorweg *shunter* op 60. Ek sien steeds die geel nikotien op hul vingers, die ruik die reuk van Chersterfield gemeng met Old Spice - afkomstig uit een of ander onbewaakte badkamer kassie - soos ons in die studie saal sit, en die tyd verwens.

Later jare het skool owerhede 'n heelwat meer nuwerwetse benadering teenoor rokers begin navolg. In my dae het jou gat gebrand as jy met 'n sigaret gevang is. Laat ek dit so stel – ongeag of jy seun of meisie was, die straf was beduidend

onsmaaklik, en iets om ten alle koste te probeer vermy. Vier houe met 'n rottang – toegedien deur 'n onnie met 'n oordosis frustrasdie en testosteroon was niemand se idée van 'n grap nie.

Die ander groep wat nou eers van nader bekyk moet word, is die toesighoudende onderwysers van die skoolkoshuis. Dit was ook 'n redelik diverse groep, met uiteenlopende unieke - selfs eksentrieke afwykings, as die enigste gemeenskaplike kenmerk.

Daar was die twee dik, en vermoedelik lesbiese soustannies wat in die kombuis gewerk het. Om hulle van kos maak te beskuldig sou dinge heeltemaal te ver gevat het. Hulle het alles gekook tot alles dieselfde kleur gehad het. Die platvleis, broccoli en aartappel kon net deur tekstuur, en hoogte bo die bord onderskei word – nie kleur of smaak nie. Ek het hulle een keer - pas na my aankoms in die koshuis – gaan bedank vir "die lekker kos" – soos my ma my geleer het. Ek onthou nou nog die *moenie-met-jou-k@k-begin-nie-mannetjie*-kyk wat beide my gegee het. Veral die een tannie was ooglopend reg om my net daar en dan goed te moer.

Dan was daar die pasgetroude onderwyserpaar wie Jehowas op 'n espresso-en-sterioiede-cocktail na vulletjies sou laat lyk. Hulle het met die Bybel onder elke arm rondgewandel, en kon ENIGE gesprek – van rugby tot ruspers in sy tweede sin totaal ontspoor met 'n begeesterde sede-preek. Hulle gekombieerde vermoë om 'n verband tussen die pampoen tekort in Pakistan en Paulus se derde brief te 'spot' en tot laatnag te bedweep, was eenvoudig gestel - legendaries. Meyer het bespiegel dat hulle 'n vroetel sessie met skriflesing en gebed open. Johannie was van mening dat hulle beide stoere '*virgins*' is, ten spyte van die '*laaisens*'. Die man het een van daai '*condescending*' glimlaggies vir alles gehad – die tipe wat beklemtoon dat jy 'n aap is, en die *eintlike* punt met 'n myl mis. Sy weer, het kloosterkoek 'n heel nuwe betekenins gegee – op daai stadium was sy, ten

spyte van heel deftige rondings op die regte plekke so opwindend soos 'n waslap. Selfs vir 'n koshuisbrak. Heel sag op die oog, tot sy iets doen of sê.

Dan was daar die Parow klubkampioen rugbyspeler wie se lewensmissie dit was om sy spiere ten toon te stel, en om te demonstreer hoe hy alles en almal kon bekruip soos 'n wafferse spaai. As jy weer sien, was die bliksem met sy selfvoldane grynslaggie en '*lopsided*' snorretjie REG agter jou. Dawie het altyd gesê die gevaarlikste ouens is dies met groot geesdrif, en swak oordeel. Hierdie perd was ongetwyfeld die ere-president van daai klub. Die een-te-veel skop teen sy kop was skynbaar nie so probleem in die Parow klub nie. Dit was seker Parow se weergawe van eksentriek. Sy enkele bydrae tot my opvoeding was dat ek splinternuwe nuwe vlakke van gril ontdek het, en 'n lewenslange empatie ontwikkel het vir sy "cherry" soos hy na sy "hint-hint" (knipoog) amoreuse spanmaat verwys het. (ril)

En dan. Dan was daar juffrou Botha. ('n Oomblik se gewyde stilte hier sal vanpas wees.) Die beeldskone, ooglopend helder van gees en verstand - brunet. Sy was nie by ons skool nie – ek het verstaan sy het by een van die skole in die kontrei Afrikaans gegee. Sy het, om haar studie lening terug te betaal, as toesighoudende onderwyser by die koshuis ingewoon - en wanneer die Gode goed was vir ons - studie saal toesig gehou. Studie tye waar sy diens gedoen het was ondubbelsinnig die hoogtepunt van ons seuns se vaal bestaan.

Sy was anderkant beeldskoon, pittig, snaaks en so ver buite bereik soos Halley se komeet. Sy was ongetwyfeld heel, heel voor op meeste seuns se gedagtes – meeste van die tyd, en - soos Meyer dit gestel het – nie te '*overdressed*' nie. Al wat gepla het – buiten vir haar absolute onbeskikbaarheid – was hoe perfek sy was teen die ander kreature wat hulle as mense voorgedoen het. Die kontras was soms 'n bietjie onrusbarend.

Die inwondende hoof en sy vrou was so geriatriese paar met die sosiale aanvoeling en vaardighede van 'n badprop. Hulle het in NIKS enige vorm van humor gesien nie. Die hele konsep van humor was by hulle so goed gevestig soos bergklim vermoeëns in 'n goudvis. Die tannie het altyd na Vicks en hoesstroop geruik. Die oom se lewens missie was om die 'bleddie rokers' te uitoorlê. Dit het hy met nougesette entoesieasme gevolg – en ongelukkig ook - met 'n skrikwekkende sukses rekord.

So vinnig as wat die rokers 'n nuwe rook plek of wegsteek plek vir hul twak en tonteldose kon kry, so vinnig het hy hulle uitgevang. En so het die nimmereindigende kringloop gewerk: Die rokers ontdek 'n nuwe skelm rookplek, dan vang hy hulle. Dan brand gatte, en dan begin die speletjie weer. Nuwe plek, *busted*, eina!!!, nuwe plek. En so aan.

Een aand toe ek en my kamermaat op ons beddens lê en wonder hoe dit moet wees om 'n *Fifty* te hê, kom plons Merwe hom op my kooi neer. Dit was een van daai tye so tussen etenstyd en studie tyd – waar mens so paar minute gehad het vir TV kyk – so Phillips swart-en-wit gedoente met die klank- en beeld kwaliteit van 'n wasmasjien – of brief skryf, of net … lê. Dit was nog te lig vir die rokers om êrens in die tuin hul rook inhalasie terapie te gaan beoefen. Dit kon hulle eers doen as dit heelwat donkerder was, en as hulle ongesiens kon uitglip.

So tussendeur ons gesprek vra Merwe eensklaps: "Waarheen gaan daai '*trap-door*' in die '*ceiling*?" Ek het die ding nog nooit opgemerk nie. Maar weliswaar, daar, bo my kas was een van daai vierkantige deksels wat jy so binne toe uitdruk as jy in die dak moes kom. "Geen idée nie." Was my antwoord. Hoe de hel moes ek weet? Die goed word vermoedelik in dakke gesit sodat belanghebbendes by 'n warm water silinder of drade of goed kan bykom. Nie juis iets wat my belangstelling vir lank gehou het nie. '*Plumber*' was nie op my lys van beroepe om te oorweeg nie.

Merwe was ‘n roker. ‘n Strawwe een ook. Gevolglik het hy permanente pers strepe oor sy gat gehad – die koshuisvader het sy skelm rook plekke weekliks uitgesnuffel.

Skielik het Merwe ‘n uitdrukking gehad soos ‘n Kalahari hond wat reën geruik het. Oë stokstyf in sy kop, kort van asem, en met so ligte bewerasietjie. Soos ‘n vetgesmeerde blits was hy bo-op my, toe op my kas, en by die plafon deur in. Na so minuut het twee bloedbelope oë in ‘n asvaal, stowwerige gesig in die gat verskyn, met ‘n grynslag soos ‘n jakkals wat ‘n oop hoenderhok ontdek het. Merwe was een tevrede hasie. Hy het die perfekte rook plek gekry. Daar was *geen* manier hoe enige van die rook-Gestapo daar op hom sou afkom nie. Hy was in die sewende hemel.

Die *blye boodskap* was voor die einde van studie tyd uit. Die klomp daggaborse het gejubel soos ‘n myner op pay-day voor ‘n bottel stoor met ‘n '*two-for-one* special'.

My en my kamermaat se rol in die hele opset is vinnig en noukeurig vir ons verduidelik. (Ons het nie gerook nie.) Ons werk was om *kywie* te hou soos die ouens in die dak inklim, en om ‘n skoen teen die dak te gooi as dit veilig was om uit te klim. Hulle sou 2 keer saggies klop as hulle wou “uitkom”. (Die term het daai jare ‘n heel ander betekenis gehad.) Ek het een aand ingedagte badkamer toe geloop, en van die klomp vergeet. Die gevolge was van so aard dat ek nie weer my pos verlaat het nie. Om een van die kleiner outjies in die koshuis te wees wat nie gerook het nie, het legio nadele gehad.

Aand vir aand sou ‘n klomp rokers in groepe van wisselende grootte by ons kom “kuier”. Aand vir aand sou ek en kamermaat wag op die klop, die skoen gooi, en in die gang staan tot almal kug-kug terug op die grond was.

Ek weet tot nou nie wie se ontdekking dit was nie, maar een aand was die verkeer dak toe skielik besonder ... druk. En die ouens het heelwat langer as normaal in die

stowwerige dak vertoef, en skielik ook in heelwat groter groepe. Ek het bekommerd geraak want tydens die optogte was die koshuis skielik heelwat stiller, en die TV in die agtergrond heelwat harder. En as daar nou een ding is wat 'n paranoiese onderwyser se antennatjie vinnig laat tril, is dit 'n stil koshuis kind.

Na so week of twee het ek en my kamermaat die storie van die ontdekking gehoor, en die rede vir die vertrapping dak toe net na studie tyd. Een of ander aspirant ontdekkingsreisiger het die nuwe rook plek begin verken. Van so in die dak rond loop en rond kruip, kom hy toe blykbaar een keer op 'n groot klomp koper pype af. Party warm, party koud. Vêr van die seuns kant, - en ons kamer af... Mmmmm....

Daai jare het alle self respekterende koshuis seuns 'n knipmes byderhand gehad. Of jou Oupa se Joseph Rogers, of dergelike fabrikaat. Na so oomblik van berekeninge en wonder, en sy posisie mooi bekyk, kry die karnallie se nuusgierigheid toe blykbaar die oorhand, en net daar boor hy met sy mes punt 'n gaatjie deur die plafon.

En daar, met sy effe bloed-belope ogies, sien hy toe ... die beloofde land.

Die gaatjie is net mooi bo een van die twee baddens in een van die dames badkamers. Net daar verloor die hele seuns kant soos een man belangstelling in Dallas, Haas Das, Die Weer en ... Flinkdink.

Die nuwe oopkyk tyd het afwisselend vir geweldige opwinding en gevaarlike depressie gesorg. Soms was daar blykbaar 'n fraaie niggie in die bad, en soms... die dik kos tannie. Sommige geestesbeelde vat langer as ander om uit mense se gedagtes te kry.

Ek en my kamermaat het nooit 'n beurt gekry nie – ongeag hoe ons gepleit het. Ons was van die kleiner outjies, ons het nie gerook nie, en die *mob mentality* was van so aard dat ons instinktief geweet het ons het 'n beter kans op swangerskap

as om ook die beloofde land te aanskou. Wagstaan was ons funksie. En swyg. Begrip vir ons behoeftes en standpunte was nie waarvoor ek die rokers onthou nie.

As iets te goed is om waar te wees, is dit gewoonlik. Die hele oopkyk tyd - soos die attraksie genoem is, het een Dinsdag aand redelik skielik ten einde geloop. Scholtz is dak toe om te gaan verken wie die aand se vertoning sou behartig. Van die gereelde "fliek gangers" het begin kieskeurig raak, of hulle het die kos tannies een keer te veel gesien. Soos Merwe gesê het – "depressie is nie 'n man se maat nie". Toe begin hulle verkenners opstuur, en slegs as die attraksie na wense was, sou hulle die moeite doen om "uit respek" "maar te gaan kyk".

Die aand was Scholtz binne 'n oogwink terug in die gat, asvaal, en so gespanne soos 'n meerkat wat pyp-olie ingekry het. Eers op die derde stotter kon die ander fliek gangers uitmaak wat hy sê: *"Jufff... Juffff. Jhuffff.... Bho... Bhooooo. Botha is in die fokken bad!"*

Daars tye in mens se lewe wat 'n groot klomp goed in millisekondes gebeur, maar tog soos '*slow motion*' voorkom. Daai was so aand. Minstens 'n dosyn rokers is in volgorde van soepelheid, vennynigheid en gedetemineerde fokus skynbaar gelyk deur die gat in die plafon. Dit was asof een van Stephen Hawking se *black holes* hom net binne die plafon deur tuis gemaak het. In die knip van 'n oog was my kamer leeg en so verlate soos Sossusvlei, met net 'n walmpie stof as getuienis van die groot en baie, baie skielike exodus.

Nou wie presies wat daar bo gedoen het, bly tot vandag 'n totale misterie. Oor en weer beskuldigings het al amper voor die Menseregte Kommissie en in die hof loop draai - maar dit het die misterie niks verder gevat nie.

Al wat met lang nabetragting met sekerheid vasgestel kon word, was die volgende: In die aansienlike wedywering om deur die gaatjie te kyk, het iemand sy balans verloor. Die feit dat al die rokers op daardie stadium peleton-sterkte op die dun dakbalk gesit en beur het om voor te kom, was 'n bydraende probleem.

Aansienlik so. Die persoon wie sy balans eerste verloor het, het refleksief na die naaste fliekganger gegryp. En so aan.

Twee ouens het by Juffrou Botha binne-in die bad geval. Merwe het kort op hul hakke gevolg, en het met sy kop op die rand van die bad geval. Disnis. Hy was vir 'n volle 3 weke daarna in die hospitaal. ‘n Stuk plafon die grootte van ‘n dubbelbed het bo-op almal in die badkamer onder geval. Die rokers wie toe nog soos vlêrmuise in die dak was, het soos rysmiere geskarrel. Voor hulle by die gat in my kamer uit was, het elkeen reeds verskeie alibis en getuies gehad wie op die Bybel sou sweer dat *so-en-so* ten tye van die insident besig was met ACSV les voorberieding en dergelike eerbare tydsverdryf, en ook ongetwyfeld in die teenwoordigheid van verskeie ander getuies - wie ook hand-op-die-boek die juistheid kon bekragtig.

Dit het nie gehelp nie.

Ek was mateloos dikbek omdat ek ook halfpad vrek geslaan is oor my rol in die toesmeerdery. Ek moes – aldus die rook Gestapo kommittee – die rokers kom verkla het. My uitwys van die feit dat so iets my lewensverwagting met verksie dekades sou verkort, het op uiters onsimpatieke, en merkwaardig dowe ore geval.

Jaco – die een met die pennetjies hare soos ‘n krimpvarkie wat suurdeeg gevreet het - se briljante verweer was die feit dat Juffrou Botha skynbaar in ‘n skuimbad gesit het, en dat hulle gevolglik niks verkeerd gedoen - of gesien het nie. Die stukkie inligting het hom ‘n ekstra loesing besorg, omdat die een onderwyser die gaping in sy verweer raakgesien het, en soos ‘n wafferse advokaat met groot smaak aan hom uitgewys het dat dit enersyds bewys dat hy daar was - ten spyte van sy vroeër weergawe tot die teendeel, en tweedens dat hy die brokkie kennis net kon gehad het as hy *gekyk* het. Game. Set. Match. Buk.

Met sy terugkeer uit die hospital drie weke na die tragiese ineenstorting van oopkyk tyd, is Merwe onserimonieel – nog so met die verband om sy kop - amper

weer terug hospitaal toe gefoeter. Die stof het selfs toe skynbaar nie gaan lê nie, en sy Jannie-Jammergat houding en sick-leave doktersbrief (in eie handskrif) het net mooi niks gehelp nie. Soos hy agterna gekerm het – die bleddie onnie was kennelik uitgerus en goed ingeoefen toe sy beurt voor die rottang aanbreek.

Vir lank daarna het dit met al ons seuns maar ellendig gegaan. Daar was vir 'n baie lang wyle nie 'n ou gesellligheidjie of deernis onder die vyeboom, 'n ou stukkie ma-se-beskuit of 'n briefie tydens studie tyd nie. Huiswerk afskryf by 'n gawe niggie in ruil vir 'n gunsie van een of ander beskrywing was geskiedenis. Dit het natuurlik vir nog gebrande gatte gesorg – mens haal net nie drie kwartale se rekenkunde in 'n week in nie... Al verstaan jy debiet en krediet moet weerskante van so strepie staan.

Die meisies wie net gestort het, het geweet. Die wie soms gebad het, het gewonder. Die twee soustannies het GEWEET. Mens kon dit onmiskenbaar aan die "kos" agterkom. Hul vroeër disse het skielik soos restaurant kos gelyk. Alles was nou onherkenbaar, en heeltemaal oneetbaar, en daars met eentonige reelmaat 'n dooie kriek, kokkerot en insek van twyfelagtige herkoms in die "kos" opgemerk. Soos Jaco tydens een besonderse laagtepunt voor die voedings trog opmerk –: "Asof die gesig in die donnerse bad nie genoeg straf was nie...."

*(Hierdie is ook meestal 'n opgemaakte storie. Dis stukkies van verskeie stories en plekke wat ek aanmekaargelap het. So moenie te bedreig voel nie - dit was nie JY nie! Okkie jou familie of skoonouers of jou prokureur se familie nie. En ek het weer geen hasies of hamsters tenagekom in die skryf proses nie.)*